Authorised Financial Services Provider

Ultima Nuus

Tel (012) 348 1386
Faks (012) 348 3706
info@ultimafp.co.za
www.ultimafp.co.za

Posbus 191
Menlyn
0063

73 Kariba Street
Lynnwood Glen
Pretoria

Junie 2010

Gemoedsrus Lewenslank!

Direksie:
Gerrit VN Viljoen, CFP®
Regina C Viljoen, CFP®

Kompetisie *FPI/Personal Finance Financial Planner of the Year*

"*The Financial Planner of the Year Award is the highest accolade a professional financial planner can obtain. Jointly sponsored by the Financial Planning Institute of Southern Africa and Personal Finance magazine, the adjudication process starts with the completion of an application form which includes a sample case study submitted by the applicant. The competition consists of 3 rounds (case study, site visit and panel interview) during which entrants must qualify to go through to each round. Independent judges range from academics, industry experts and FPI Board members who participate in each round.*" www.fpi.co.za

Gerrit Viljoen het die indrukwekkende toekenning in 2003 ontvang. Gedurende 2007 het Jan-Carel Botha vir 12 maande onder Gerrit se persoonlike toesig kliënte gesien, finansiële beplannings voorberei en voorgelê.

"*This year we had 3 finalists who attended the final round panel interviews. It was a very close race which is a tribute to the high quality of financial planners we have in SA."* het Paul Rabenowitz, FPI toekenningskommitteevoorsitter, gesê. www.fpi.co.za

Een van die 3 finaliste in vanjaar se kompetisie was ons eie Jan-Carel Botha. Aangesien ons daarna strewe om personeel by te staan om die hoogste sport te bereik verbly ons ons in hierdie prestasie. Jan-Carel, ons is regtig baie trots op jou!

WIE SE RAAD KAN U VERTROU?

'n Paar mense het my onlangs gebel om te vra of ek van die finansiële raadgewer gehoor het wat radioluisteraars aangeraai het om summier hul beleggings by 'n groot fondsbestuurder op te sê. Hierdie raadgewer het 'n openbare aankondiging gemaak dat die genoemde maatskappy "besig is om te gronde te gaan en dat dit die afgelope jaar swak presteer het", en dat mense hul geld by dié fondsbestuurder moet onttrek. Die dag nadat dié aanbeveling in die openbaar oor die radio gemaak is, het die genoemde maatskappy die "Fondsbestuurder van die Jaar"-kompetisie vir die vierde agtereenvolgende jaar gewen.

Maar waarom is dit nodig om na hierdie voorbeeld te kyk?

Baie mense raak bekommerd as iemand "vanuit 'n gesagsposisie, oor die radio" sulke uitsprake maak. Kom ons gebruik hierdie geleentheid om weer na verskillende strategieë te kyk.

1. Beleggers raak bekommerd as sogenaamde beleggerskenners waarsku dat 'n maatskappy besig is om "te gronde te gaan". Daar was inderdaad in die onlangse verlede 'n hele paar voorbeelde van twyfelagtige maatskappye wat wel gesink het. Ons lees bykans daagliks van beleggingskemas waarin mense al hul swaarverdiende spaargeld verloor, en beleggers wil vooruit gewaarsku word as daar probleme is met 'n maatskappy of 'n fondsbestuurder waarin hulle beoog om te belê. Beleggers kan eintlik nie kwalik geneem word as hulle angstig en bekommerd raak as 'n openbare figuur sulke uitlatings maak nie.

   Soos vroeër genoem, is hierdie maatskappy wesenlik gesond, en is dit aan die noukeurige ondersoek van die *PlexCrown*-beleggingsopname onderwerp voordat dit vir die vierde agtereenvolgende jaar hierdie voortreflike toekenning ontvang het. Dié maatskappy se langtermyn prestasies tot dusver is puik, en sy vlagskip-ekwiteit het oor die afgelope 10 jaar 'n saamgestelde opbrengs van meer as 22.1% gehad, terwyl die opbrengs van die norm, die JSE-indeks van alle aandele, oor dieselfde tydperk 15.8% was.
2. Indien beleggers se beleggingstrategie is om opbrengs na te jaag, sal hulle altyd in diens van markontleders en kommentators staan wat spekuleer of mens in die mark moet belê of nie. Die radio, TV en gedrukte media verkoop hul produk en lok hul gehoor deur slegte nuus te publiseer of te verkondig of korttermyn oplossings aan te bied. Niemand sal koop of luister as daar iets gepubliseer word soos, "moet u nie bekommer of onrustig wees nie – u geld behoort voldoende te wees tot u 95 jaar oud is". Dit is vervelige nuus wat nie 'n enkele koerant sal verkoop nie. Ons wys dikwels daarop dat beleggers 'n geskikte norm moet gebruik wanneer hul hul beleggings oor tyd analiseer. Deur een fonds met 'n ander oor die kort termyn te vergelyk, kan rampspoedige gevolge hê.

   Wat hierdie spesifieke kommentator by implikasie gesê het, is dat u u belegging na laas jaar se suksesvolste fonds moet verskuif. Sulke raad kan ook rampspoedige gevolge hê omdat navorsing bewys het dat die vorige jaar se wenner gewoonlik die daaropvolgende jaar se verloorder is. Inteendeel, u behoort 'n gesonde beleggingsproses en -strategie te volg wat sal verseker dat u u eie bepaalde doelstellings oor tyd sal bereik. Die noodsaaklike norm is om inflasie konsekwent oor tyd te klop, want inflasie oor tyd is 'n belegger se grootste vyand.
   Die gereelde evaluering van u strategie en finansiële plan en die gebruik van geskikte norms sal u veel meer in die sak bring as die keuse van 'n strategie wat opbrengs najaag.
   Terloops, die fonds onder bespreking het laas jaar inflasie met 15.7% geklop. Enigiemand wat dié saak vanuit hierdie perspektief beskou, behoort verheug te wees. In werklikheid was hierdie fonds se prestasie oor die afgelope 20 jaar konsekwent, terwyl ander fondse klaaglik misluk het en net vir kort tydperke die gelukskoot van 'n goeie prestasie getref het.
   Moet dus nooit deur mooipraters verlei word om 'n deurdagte strategie te laat vaar voordat u al die nodige feite bekom het nie.